
# 76 Diep, o God, diep neergeboë



Heilig, heilig, heilig Here,
aan u wette is voldoen;
heilig, heilig, heilig Here,
sondaars is met U versoen!
Hoe alleen, verlaat, in angs,
moes Hy aan die kruishout hang!
In ons plek gee Hy sy lewe
en die skuld word ons vergewe.

Jesus, u versoenend sterwe
bly die ruspunt van ons hart;
nou kan ons die hemel erwe,
dis ons hoop in alle smart;
ja, wanneer my oog eens breek,
sterwensangs my laat verbleek,
laat u bloed my hoop herlewe,
U het al my skuld vergewe.

Om ons vry te maak van sonde,
het u Seun gesterf, o God!
Deur geloof aan Hom verbonde,
sal ons leef na sy gebod.
Hy het U na ons gebring,
Jesus, laat u liefd’ ons dring,
laat die liefde so verhewe,
ons besiel deur heel ons lewe.

Rhijnvis Feith (1753-1824) Genéve (1551)